# PASTORALE BRIEF

# OKTOBER 2023

NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

## OKTOBERMAAND: TYD VIR HERVORMINGSFEES

“Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.” Romeine 3: 23-24.

Ek weet dis nou nie juis eintlik ‘n gesprek wat gereeld langs die braaivleisvuur opduik nie, maar sê nou maar iemand vra jou uit die bloute waarom jy dan aan ‘n Gereformeerde kerk behoort. Is daar nie kerke wat net soveel meer vrolike eredienste hou en baie harder sing nie? Waarom behoort ek en jy dan aan ‘n Gereformeerde kerk?

Dalk is die braaivleisvuur nie die regte plek om so ‘n vraag te antwoord nie. Maar ek self sal nie lank en diep hoef te dink vir ‘n antwoord nie. Vir my gee ons verstaan van die Bybel absoluut die deurslag. Vir seker is geen kerk sonder foute nie, maar ek dink niemand verstaan dit wat Paulus hier in Romeine 3 sê, beter as die Gereformeerde tradisie nie.

Teoloë noem dit “Sola Gratia”. Alles is net genade! Ons word (Let Wel!) *sonder dat ons dit verdien,* op grond van sy genade vrygespreek. En dis nie waar dat dit Gereformeerdes ongeërg en oorgerus maak nie. Daarvoor is ons dankbaarheid eens te groot – dit laat ons voluit vir die Here lewe! My hele lewe word gekleur deur die feit dat God my uit sy genade en liefde gered en my sy kind gemaak het. Daarom kan ek nie anders as voluit vir Hom lewe nie.

En weet jy, ek dink Paulus sou instemmend geknik het...